Die Lewende Kerk

Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 29 Mei 2016

Baie Welkom by ons Nagmaaldiens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer en ds Stephan Briel bedien die Nagmaal.

Omgee:

- Hendrik Fritz is in Garden City hospitaal na 'n operasie en sy toestand is kritiek.
- Bertha Koekemoer sterk nog aan in die hospitaal nadat sy in Flora Kliniek geöpereer is.
- Chatye Rensburg is met borskanker gediagnoseer.
- Danie de Klerk ontvang nog daagliks bestraling en is al oor die halfpadmerk.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☼

- **Dankseggingsdiens** vanaand om 17:30.

- Die **Heilige Gees Seminaar** word beplan vir Saterdag 4 Junie 2016 by Bergbron. Die vereiste is dat jy alreeds Oorwinnaars gedoen het. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **Kerkraadsvergadering** DV Dinsdagaand (31 Mei) om 19:00 in die kuierkamer.
- **Tee/koffie skinkbeurte – vandag** is ‘n oefenlopie met koffie en tee voor die diens in die kerk. Dankie aan Herman en Susan vir die inisiatief! Volgende Sondag skink Groep 6, DIAKENS.
- **Onthou:** ons vier DV Nagmaal op 29 Mei en daar sal na die Nagmaaldiens ‘n gemeente-ete wees. Beplan solank om dan hier te wees!
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed: Voorbidding…



Imke is drie jaar oud en het Neuroblastoma hoë risiko kanker. Sy ondergaan die 30 ste Mei die eerste operasie om die gewas te verwyder, daarna moet sy vir oorplanting van haar beenmurg geopereer word.

Haar ouers is die skokkende nuus meegedeel dat hier in SA nog geen pasiënt die tipe kanker oorleef het nie. Die grootste kans wat sy (medies gesproke) het, is om hulp oorsee te gaan kry, waar daar bewyse is van suksesvolle behandelings op hierdie gebied.

Indien U meer wil weet of selfs voel om ’n finansiële bydrae te maak, kan julle met Gerhard en Susan Botha gesels. Tel. 083 537 9770. Bid asb. saam vir “Godly wisdom, Guidance and Supernatural Divine Intervention.” (Gebedsversoek op FB deur Pappa geplaas)

Toerusting:

Teen die Gety - Ons opdrag en verantwoordelikheid

Gedeeltes aangehaal uit die boek, Teen die Gety, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.

Jy is ‘n koning, priester en profeet.

Vervolgens gaan ons breedvoeriger ingaan op wat dit in die Nuwe Testamentiese konteks beteken om God te verteenwoordig. God het ons aangestel as konings,priesters en profete. Elke gelowige het hierdie drievoudige amp en dit is direk gekoppel aan die opdrag wat God ons gegee het as sy verteenwoordigers om oor die aarde te heers.

1.Konings

Die funksie van ‘n koning is om te heers en te regeer. God roep ons om orde in sy skepping te handhaaf en toe te sien dat reg en geregtigheid gehandhaaf word. As konings verteenwoordig ons die Koning van die konings en daarom moet ons elke mag wat God se skepping bedreig,vernietig en beveg . Ons moet dus orde handhaaf sodat dit goed sal gaan met mense om in vrede te leef en te werk. Ons gesag en opdragte ontvang

ons, *net soos Jesus,* van die Vader. Daar in ons gesin, ons werksitusie, gemeente, bediening en omgewing, moet ons as konings en verteenwoordigers heers oor die omstandighede.

2. Profete

As profete verteenwoordig ons God by die mense. Die taak van 'n profeet is om die wil van God aan mense bekend te maak. Hy of sy is God se spreekbuis. Dit is 'n ontsaglike voorreg, maar terselfdertyd ook 'n buitengewoon groot verantwoordelikheid.Dit wat die profeet hoor moet hy/sy onveranderd en onbevrees gaan bekend maak.Die profeet mag nooit sy eie sienings, gedagtes en interpretasies aan mense gee nie. Hy/sy is teenoor God aanspreeklik vir dit wat hy/sy vir mense gaan sê.

Jesus het tydens Sy aardse bediening slegs die opdrag wat die Vader aan Hom gegee het, kom uitvoer. Hy het geen wil, planne en drome van sy eie gehad nie. *Dit maak Hom volmaakte profeet*. Die profeet is in diens van God en moet elke oomblik tot beskikking van God wees. Die predikant is profeet wanneer die Woord verkondig word. Ons is profete wanneer ons mense deur berading help of getuig van die groot dade van God, wanneer ons na die onbereiktes gaan en Jesus aan hulle bekend maak.

3. Priesters

Priesters in die OT het as verteenwoordigers van God verskillende take gehad:
om in diens van God te staan en lof en aanbidding aan Hom te bring;
om offers te bring sodat mense met God versoen kon word;
om te bid vir mense se sondes en probleme, en
om mense in die Naam van die Vader te seen en die Naam van die Here op hulle te lê (Num 6: 23-27) Die primêre bediening van die priester is die bediening van versoening.

Maar meer as dit: In 1 Kor. 6:19-20 lees *ons dat ons 'n tempel van die Geilige Gees is*. Ons is dus toegerus om mense as priesterlike verteenwoordigers van God te bedien. Watter offers moet ons as priesters vandag aan God bring? Nie meer die bloed van diere nie. *Nee, die bloed van Christus!*

Twee duisend jaar gelede het Jesus die volmaakte offer gebring; dit was genoegsaam vir die sonde van die hele wêreld. Wanneer ek en u nou vir 'n persoon bid en vra dat hy met God versoen sal word, bring ons Jesus se volmaakte offer voor die Vader.

4. Die soewereiniteit van God versus medewerkers van God

1. Dink julle ons minag die soewereiniteit van God deur die argumentasie dat ons God se medewerkers en verteenwoordigers op aarde is. (God se grondpersoneel)? _____

2. Glo jy God het gekies om die mens te betrek? _____

5. God sluit 'n verbond met Sy verteenwoordigers.

God gaan een stap verder. Hy sluit 'n verbond met Sy verteenwoordigers, sy konings, priesters en profete. In hierdie verbond belowe God om ons God te wees, om ons te beskerm en gee Hy besonder groot en omvangryke beloftes aan sy verbondskinders.

Die Bybelse begrip bekeer, *om na God toe terug te keer*, wat in Engels met "*repent*" vertaal word, letterlik beteken *om terug te keer na die verbond*. Stem jy daarmee saam? _____

Die verpligting van ons as lidmate, gemeente en gemeenskap is om God se verbondsbeloftes, verbondseise, verbondseëninge, verbondsdissipline en verbondsvloeke te verstaan. Na die mate wat ons dit verstaan kan ons in groter verbondsgehoorsaamheid aan God leef.

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

31/05	KINNIE BEZUIDENHOUT	082 457 6044	011 477 7080
03/06	WILLIE VOLSCHENK	082 777 7734	011 672 0241

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Baie dankie

Baie dankie aan ds Stephan wat die afgelope weke gehelp met die oop- en toesluit van die kerkgebou en saal. Laat weet asb vir Pieter de Klerk as jy ook vir 'n ruk kan help.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.